# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 3




# Wapadrand

# INHOUD

INHOUD …..…………………………….…….. BL 2
STILTETYD…………………………………..… BL 3
BESTUURSLEDE …………………………..…….. BL 4
REDAKSIONEEL ……………………………..…… BL 5
UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6
SENIOR BURGERS …………………………… BL 7
JEUG ……………………………………………….. BL 8
KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 10
LIEF EN LEED ……………………….………..…. BL 17
VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 18
WOORDSOEK …………………………………. BL 20
RESEPTE ……………………………………….. BL 21
JAARPROGRAM………………………………… BL 22

# STILTETYD

***Woede:***

Dit begin soos ‘n druppeltjie water.  Iemand steel jou parkeerplek, sny jou af op die hoofweg, ‘n kelnerin is stadig terwyl jy haastig is, die roosterbrood brand.  As jy genoeg van hierdie onskuldige druppels bymekaar maak, sit jy later met ‘n emmer vol woede.  Jy vertrou niemand nie, wys jou tande vir enigiemand wat probeer nader kom, en word ‘n flikkerende bom wat met die regte hoeveelheid spanning en vrees kan ontplof.  Ons kan dit nie ontken nie, woede bestaan.

Hoe hou ons dit in toom?  Jesus het van die woedende skare wat hom doodgemaak het, gesê “,,,Vader, vergewe hulle, want hulle besef nie wat hulle doen nie!...”  Hy het hierdie bloeddorstige skare nie as moordenaars gesien nie, maar as slagoffers.

Hy het in hulle gesigte nie haat gesien nie, maar verwarring. Hy het hulle nie as ‘n strydlustige bende gesien nie, maar as “… skape sonder ‘n wagter…” (Markus 6:34 NLV).  Hulle is deur die skare opgesweep, kwaad vir iets wat hulle nie kon sien, dus het hulle dit op God uitgehaal.

Woede is ‘n vernietigende emosie … moenie toelaat dit dit jou lewe oorheens nie.

Ons bid saam Vader vergewe hulle wat hulle weet nie wat hulle doen nie.  Amen.

(*Skrywer onbekend )*

## Die 2024/2025 BESTUUR

.

VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za Sel: 082 332 7217



ONDERVOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
Wapadrand.sek@sawa.org.za
janettattoerien@gmail.com Sel: 082 325 5634



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588



# REDAKSIONEEL

Ja, wat kan ek nou sê? Net 'n groot dankie vir al jul insette/ bydraes tot die Wawiel. Elke foto, gebeurtenis maak 'n verandering en diegene wat nie die kampe kon bywoon nie, bly ook op hoogte. Moontlik maak dit hul lus om eendag weer saam met ons te kamp.

Ons as bestuur wens vir jul 'n wonderlike feesgety toe.

Wees veilig waar jul ookal gaan.

Kersgroete

Geraldine

Redaktrise





*Chris & Daleen Pienaar, Reinardt & Lynette,van Rensburg, Geraldine & Seppie Muller en Janetta & Andy Toerien. Ons was almal kampkoördineerders by Drie Berge.*

**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

November is op ons.  Ons laaste kamp by Drie Berge was voorwaar een vir die boeke.  ‘n Rekord van 10 gesinne het dit bygewoon.  Daar was 8 seniors en 2 pare onder 60 jaar oud.  Dit is ook lekker om te kan sê ons het 3 gaste gehad.

Saterdagmiddag was daar groot opgewondenheid oor die Kersboom.  Dit was moeilik om tot 4 uur te wag vir die ge skenke.  Janetta het vir die 4 kinders elkeen ‘n “sweetie” emmertjie gehad.  Almal van hulle se mondjies was potblou nadat hul van die lekkers geëet het.

Ons “bou ‘n burger” ete was voorwaar ‘n wenner, met kafee tjips en al.  Dankie vir al die hulp en bydraes om dit ‘n sukses te kon maak.

Ek wens julle namens my en Lynette ‘n voorspoedige Fees-seisoen toe.  Elkeen wat gaan reis, wees veilig en lekker rus.

Hoop om julle almal by ons Februarie 2025 kamp te sien.

Groete.

Reinardt

# SENIOR BURGERS

## Betekenis:

## ‘n Ouer of iemand met ‘n hoër posisie en meer ervaring as ander mense.

Dit gaan nog steeds goed met ons senior burgers en hul kamp op ‘n gereelde basis.

Ek deel graag hierdie 2 stukkies van hoe kinders ‘n Ouma en Oupa sien. **Spelling is soos wat die kind geskryf het**. (*Stukkies geleen uit Google)*

**OUMA**

Ek hou daarvan om saam met ouma te loop. Haar treë is kort soos myne. Sy sê nie: “Loop vinniger” nie en sy vat altyd haar tyd.

Ek hou daarvan om saam met ouma te loop. Haar oë sien soos myne; die klein klippies op die pad, ‘n mooi wolk of dou druppels op die blare raak.

Die meeste mense loop vining. Hulle stop glad nie om te kyk nie. Ek is so bly die Here het my Ouma gemaak: Stadig en jonk soos ek!

**OUPA:**

‘n Oupa is iemant nes jyself, net ‘n biekie slimmer want hy kan jou help met goed waarmee jy nie self kan regkom nie. Oupas gaan stap met klein sienkies en gesels net oor visvang en trekkers. ‘n Oupa werk nie en daarom het hy tyt vir jou behalwe wanneer hy wil slaap want oupas slaap graag. ‘n Oupa kan ook nie mooi sien nie, daarom wil hy altyt weet wat jy doen . Oupas het baaie geld, want hulle koop elke dag die koerant. ‘n Oupa is iemand wat altyd bly is om jou te sien want hoekom het hy dan altyt swiets in sy sak?

Elkeen moet tog probeer om ‘n oupa te kry, hulle is beter as telenwie-sies?

# JEUG

Ons was geseënd om hierdie naweek by Drie Berge met 4 jongelinge deur te bring.  Die reeds bekendes was Hannah en Dawid de Villiers, kleinkinders van Bettie en Dawie Mullins. Die tweetjies kamp al saam met Ouma en Oupa vandat hulle 2 jaar oud was.

Die nuwelinge is Liebe en Inge Müller, kleinkinders van Seppie en Geraldine Müller.  Ons werk nog daaraan om vir Mamma en Pappa te oorreed om aan te sluit by SAWA.

Die 4 jongelinge het gou aanklank gevind en hulle het die hele naweek heerlik saam gespeel, geswem, fiets gery en speletjies gespeel.  Toe dit Sondag huistoegaan tyd was, is drukkies uitgedeel.  Net 'n bewys dat hulle goeie maatjies geraak het.



*Dawid en Liebe het kopstukke gesels.*

.



*Koning Dawid, Hannah en Inge.  Dawid het sy knieë stukkend geval en toe word hy sommer Koning Dawid.  Hy het dit behoorlik uitgebuit.  Alles moes vir hom aangedra word en sy sussie moes hom abba waar hy wou wees.  Inge het haarself die Hoofslaaf genoem.  Die "Koning" gedagte  het net vir 'n paar uur geduur.*



***Hannah & Inge ontspan buite onder die Müllers tent afdak.***



***Liebe vermaak ons met haar liggies.***



Dawid het vir die eerste keer alleen in sy eie tent geslaap. Met die oppak Sondag was daar 'n klein slangetjie onder die grondseil.




***Hier sit die 4 musketeers. Hannah, Liebe, Dawid en Inge.***

## KWARTAAL SE KAMPE:

## NOVEMBER 2024 : DRIE BERGE

Drie Berge is ‘n pragtige rustige oord. Baie boomryk en die Krokodilrivier loop langs die oord verby. Dit het heeltyd gevoel asof ons by die see was oor die gedruis van die water by die keerwal. Dit het ons sommer na die see laat verlang.
Die ablusiegeriewe is modern, skoon en netjies.

Van vroeg Vrydagoggend af het Wapadranders by Drie Berge begin saamtrek vir die naweek. Ons kon vanaf 08h00 inboek. Ons was 10 woonwaens waarvan 3 gaste was.

Al ons staanplekke was baie beskut. Geen tekort aan skadubome nie. Vrydagaand was dit ‘n heerlike saambraai met ‘n slaai.

Saterdag was dit ‘n dag vir ontspanning. Elkeen kon iets doen wat hy wou. Die jeug het vir pappa/mamma/oupa en ouma besig gehou by die swembad wat ’n entjie weg was van die kampterrein.
Kersvader sou eers teen 17h00 sy opwagting maak, maar die kindertjies kon nie wag nie en presente is toe 16h00 uitgedeel met die verskoning dat Kersvader dit nie nou self kon uitdeel nie want hy is nou te besig om die weeskindertjies se geskenke uit te deel. Natuurlik het hul die verskoning aanvaar want hoe gouer hul die geskenke kon kry hoe beter.

Vir ons afsluiting is daar hamburgers gebou en slaptjips is gebak. Omdat elkeen sy eie smaak het, kon jy jou eie hamburger bou. Heerlike gebraaide patties en uie, verskillende souse, tamaties, pynappelringe, blaarslaai, plakkiekaas en vars gebakte tjips was op die tafel. Almal was trommeldik geëet en die heerlike nagereg het ook aftrek gekry en is daar nog die Sondag met afsluiting nagereg geëet. Die tafel het weer gekreun met al die lekkernye.

Hoepfner Wiese wat nou ons gereelde vuurmaker is, het gesorg vir die kampvuur.



Later die aand het die krag afgegaan, maar ons het knus langs die kampvuur gekuier. So nou en dan het daar 'n druppel of twee geval. Van die manne/ vroue en kleinkinders het by Ontvangs die rugby tussen Suid-Afrika en Engeland gaan kyk, Gelukkig het die Springbokke gewen.



Sondagoggend is die tradisionele kerkdiens gehou en daarna was die afsluiting.

Baie van ons het heelwat later eers huistoe gegaan want ons moes eers voor 16h00 die terrein verlaat. Nodeloos om te sê dat ons toe in die hitte moes opslaan. Dit was 'n heerlike naweek en die opkoms was goed.



*Janetta en Andy Toerien het hul 400ste streekplaatjie ontvang. Dit wil gedoen wees! Hier staan ons voorsitter Reinardt saam met hulle.*

# FOTO'S VAN DRIE BERGE






Seppie en Geraldine Müller het besluit om hul "off road" karavaan in te ruil vir 'n padkaravaan. Dit was ook hul eerste kamp met die nuwe wa.

***Liplekker!!!!!! Janetta kon nie wag vir haar hammie nie.***



*Francois alias Faffa besig om 'n hamburger pattie te skep.*



***Seppie en Mike besig om hout te pak en te gesels***



*Geskenke tafel*



***Vure is gepak vir die hamburger braai***

Daar was darem ook tyd vir hekel en selfoon skoonmaak. Hier sit Lynette, Geraldine en Rina.





***OOOEPS!!!! Amper val Chris van sy stoel af.***



***Wonder wat vertel mamma Valdette vir Inge hier…….. Moontlik dat sy al haar kos moet opeet?***



***Lynette & Reinardt van Rensburg***



***Daleen & Chris Pienaar***



***Dawie Mullins, Rina en Gerrie van Aswegen***



***Elsa Wiese, Janetta Toerien en in die agter-grond Francois Müller***



*Vure vir hamburger-braai*



***Karin & Mike Sterley—een van ons gaste***



Was iemand nog besig om ‘n hamburger te bou?



Lynette & Karin besig om uie te skil.



Johan & Caron Swanepoel—nog een van ons gaste.

# LIEF EN LEED

**LIEF**:

Seppie & Geraldine het 'n nuwe woonwa aangeskaf.

**LEED**:

Mieke Pienaar was weer siek en ons vertrou dat sy beter is.

Lynette en Reinardt se ma Eunice van Zyl was vir toetse en uitslae word nog afgewag.  Toetse is intussen ontvang en sy word Maandag 26 November geopereer. Van haar kliere word verwyder.  Ons hou haar en haar familie in ons gebede.

Reinardt se sussie Karin se man, Mike ontvang nog chemo-behandeling.

Dit gaan ook beter met Andy maar hy is nog op krukke.



Ons wens jul almal beterskap toe.




| | | |
|---|---|---|
| Desember: | 3 | Jos Rabie |
| | 4 | Rina van Aswegen |
| | 13 | Sarie Bezuidenhout |
| | 16 | Susan Troskie |
| | 22 | Eleanor du Plessis |
| | 28 | Stephanie Brönn |
| | | |
| Januarie | 14 | Liam Müller |
| | 16 | Tertia Rix |
| | 24 | Reinardt van Rensburg |
| | 25 | Andrè Hattingh |
| | 28 | Vernon Müller |




***Eenkeer in 'n leeftyd ontmoet jy iemand spesiaal.***
***Iemand wat jou hart en siel aanraak.***
***Iemand saam wie jy kan lag en huil.***
***Iemand saam wie jy die res van jou lewe wil deur-bring.***
***Net eenkeer in 'n leeftyd ontmoet mens iemand …***

***… soos jy!***

| | | |
|---|---|---|
| Desember: | 19 | Tertia & Martin Rix |
| | 20 | Daleen & Chris Pienaar |

# DINK DIE REGTE DINGE

Soek die **vetgedrukte** woorde waarmee Filippense sê ons ons gedagtes moet vul. Soek ook die woorde DINK, GEDAGTES, NADINK en WONDER.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | R | A | I | S | E | X | P | C | T | A | I | O | N | P | T | H | I | N | K |
| E | M | B | R | C | W | O | R | T | H | T | E | T | H | G | S | A | R | N | T |
| T | I | S | A | D | R | T | I | K | N | H | T | R | V | O | T | C | F | R | P |
| N | L | R | K | H | T | N | W | E | X | C | E | L | E | N | F | I | N | A | N |
| A | B | I | S | O | O | P | E | S | E | R | Y | T | I | B | R | T | S | L | S |
| D | T | Y | P | A | O | R | Y | B | L | S | V | E | F | A | E | R | F | U | Y |
| M | N | M | S | O | B | N | U | T | F | I | M | T | A | E | W | T | G | T | H |
| I | Y | A | T | A | P | C | R | E | D | N | O | W | R | T | I | K | L | S | T |
| R | W | H | A | W | K | R | W | E | G | T | N | V | D | A | U | S | I | D | R |
| E | T | R | U | V | G | T | O | B | W | F | R | E | A | S | S | F | E | R | O |
| I | Z | S | P | T | X | R | N | A | D | I | N | K | O | N | S | N | L | W | K |
| B | G | L | V | E | I | N | U | Y | R | S | U | F | P | R | O | F | T | B | N |
| O | Y | E | N | P | E | T | A | I | T | O | G | S | R | U | A | E | N | I | I |
| X | C | P | D | T | Z | X | Q | D | A | P | T | B | K | R | G | H | T | W | D |
| T | S | V | N | A | I | A | K | W | M | Y | L | E | V | I | L | P | U | I | A |
| W | R | I | E | D | G | O | P | A | U | S | R | T | L | A | L | T | E | R | R |
| U | A | T | R | A | M | T | F | A | E | M | C | N | I | D | A | F | P | H | P |
| D | I | N | C | W | H | L | E | R | T | A | B | O | D | N | E | U | E | R | D |
| G | N | R | P | M | C | G | D | S | W | N | K | I | U | L | B | V | A | I | E |
| Y | U | S | E | L | F | E | G | I | D | R | A | A | W | F | O | L | T | O | L |

*Vul julle gedagtes met alles wat* ***waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik*** *en* ***lofwaardig*** *is. En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede gee, by julle wees.* FILIPPENSE 4:8-9

(Bydrae: Lynette van Rensburg )

## RESEPTE

## VINNIGE WORSROLLETJIES

1 rol (400g) bevrore blaardeeg.
1 kleinerige ui
1 knoffelhuisie
1 eier
250g gemaalde beesvleis
2ml sout (½ t)

Ontdooi die blaardeeg.

Verhit die oond tot 220ºC. Voer ‘n bakplaat met aluminiumfoelie uit.

Skil die ui en knoffelhuisie en kap dit fyn. Meng die ui, knoffel, gemaalde beesvleis en sout. Klits die eier en hou 15ml (1E) daarvan eenkant.

Voeg die res by die vleismengsel en meng goed. Verdeel die vleis in nege ewe groot porsies. Rol elke porsie in ‘n dikkerige worsie.

Rol die blaardeeg op en effens dunner uit. Verdeel dit oorlangs en dwars in derdes sodat daar nege reghoeke van naastenby 13cm x 8cm is.

Plaas ‘n worsie op elke reghoek en maak die kort rande met water klam. Rol die worsie in die deeg toe en druk die kort rande styf vas. Plaas die rolletjies op die bakplaat en bestryk dit met die geklitste eier wat eenkant gehou is.

Bak die rolletjies sowat 20 minute lank tot goudbruin. Sit dit warm voor.

(*Annette Human : Kortpadkos)*

# SAWA Wapadrand Jaarprogram 2025

| | 2025 Kampnaweke | | | | | 2025 Kampplekke | Rigting | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | | | |
| Februarie | 31/1-2/2 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | | San Cha Len | Noord | |
| Maart | 28/2-2/3 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Hartbeeshoek | Noord | |
| April | 4-6 | 11-13 | 17-21 | 25-27 | | Presidente ( Streekskamp) | Suid | Paasnaweek |
| Mei | 1-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/5-1/6 | Buffelspoort, Sitrusfees (Streekskamp) | Noord | |
| Junie | 6-8 | 13-16 | 20-22 | 27-29 | | Kaalvoet Koppies | Noord | Gebiedskamp |
| Julie | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | Weesgerus, Gebiedskamp (Streekskamp) | Noord-wes | 25-27 Julie; Bosveld kamp |
| Augustus | 1-3 | 8-10 | 15-17 | 22-24 | 29-31 | Bass Lake - AJV | Oos | |
| September | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | Bush Inn, Nasionaal & 100+ (Streekskamp) | Suid | |
| Oktober | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | Sionsberg - Kuierkamp (Streekskamp) | Suid | Saamkuierkamp |
| November | 31/10-3/11 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Drie Berge | Noord | |
| Desember | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | |

**Vetgedrukte datums is voorgestelde streekskamp datums**

*****Tariewe sal nog bevestig word.**

| Wapadrand Steekskampe | Ander SAWA kampe vir streekslede | Ander geskeduleerde SAWA akti-witeite | Langnaweke |
|---|---|---|---|